
# 221 Jesus roep ons bo die golwe




Soos dissipels lank gelede
by die Galilese meer,
huis en haard vir Hom verlaat het,,
alles vir ons liewe Heer.

So roep Jesus ons gedurig
weg van ydelike eer
van die goue, aardse afgod,
Hy roep: “Christen, min My meer.”

In ons vreugde en ons droefheid,
in verlies of in gewin,
roep Hy nog gedurig: “Christen,
jy moet My bo alles min.”

Jesus roep ons, deur genade
kan ons nou u roepstem hoor
en ons harte is gehoorsaam
in die diens wat ons bekoor.

Cecil F. Alexander (1823-95) F. Jones (1827-95)